

Jou nalatenskap aan jou kinders

Maak voorsiening vir jou kinders met 'n wettig uitvoerbare testament EN 'n finansiële plan.

Dek jou boedelkoste, skuld en onderhoudsverpligtinge

As jy dit doen

- ❌ **Familie rusies** of **regsgevegte** kan ontstaan.
- ❌ Jou boedel se bereddering kan jou familie se verantwoordelikheid raak en dit kan dan **langer neem** om jou boedel af te handel.
- ❌ **Intestate erfopvolging sal van toepassing** wees. Selfs **al wou jy iemand uitsluit**, sal hulle steeds 'n kans staan om uit jou boedel te erf.
- ❌ Jy sal **geen beheer** hê oor wie as **eksekuteur aangestel** word om jou boedel te beredder nie. Die hof sal namens jou 'n aanstelling maak.



As jy dit nie doen nie

- ✓ Jy kan **voorsiening maak vir 'n trust** wat sal omsien na die behoeftes van 'n **minderjarige kind** of 'n **persoon met spesiale behoeftes**. Hierdie voorsiening sal volgens jou wense uitgevoer word en nie deur 'n persoon of instansie wat geen **persoonlike kennis** van jou erfgenaam of familie dra nie.
- ✓ Jy nomineer 'n gepaste **voog of trustee wat moet verantwoordelikheid neem en omsien** na die welstand van jou kind en hul erfporsie.
- ✓ Jou **boedelbeplanning** kan verseker dat daar **fondse beskikbaar** is om die boedelbereddering se fooie te dek, jou **skuld** te delg en **belastingaanslae** te vereffen. Sodoende hoef jou bates nie verkoop te word om die kontant in te samel nie.
- ✓ Daar sal eers rekenskap gegee word aan jou onderhoudsverpligtinge teenoor jou kinders, eggenote, of egskedingsbevele vóórdat jou **bates versprei word**.
- ✓ Die **verspreiding van bates** tussen kinders word in ag geneem en oorweeg, ongeag die aard van jou huweliksvoorwaardekontrak.
- ✓ Jy **spaar geld op boedelbelasting en kapitaalwinst** wanneer jy jou hele boedel aan jou oorlewende eggenote bemaak.
- ✓ **Sluit beperkte belange in** om na jou kinders om te sien, selfs al het jy als aan jou eggenote bemaak (wat ook later sterf, òf hertrou).



Maak voorsiening vir jou erfgename met die hulp van jou finansiële adviseur en Momentum Trust en laat 'n nalatenskap van goeie herinneringe aan jou geliefdes.

Momentum and Momentum Trust take all reasonable measures to make sure that the information and opinions in this document are up to date and correct, but do not offer any direct or indirect guarantee. The information in this document can change without us notifying you. It is an information tool and should not be seen as professional advice, nor is it contractually binding. The terms and conditions of the policy contract will apply in all instances. When dealing with financial products you should seek professional advice from an authorised, accredited financial adviser.

Momentum Trust Limited, Reg. No. 1917/001569/06, is a wholly owned subsidiary of Momentum Group Limited. Momentum is part of Momentum Metropolitan Life Limited, an authorised financial services and registered credit provider. Registration Number 1904/002186/06. Licence 6406.